

Plaas- en verliesbestuur

DIE BOER SE JAKKALS-GEREEDSKAPSKIS (Bron: Riglyne vir Veeboerdery)

In die goeie ou dae het al die skaapplase jakkalsproef gehad en elke boer het 'n aptekersbotteltjie jakkalsgif gehad. Jakkals se kind het maar swaar geleef, want as hy dit deur die heining kon maak, het hy homself sleg in 'n gifpil vasgeloop. Dit het egter heeltemal verander, want die subsidie om die heinings in stand te hou se grafsteen is al verbleik en gifbotteltjies is dolleeg. Die meeste boere is ook deesdae uiters skepties oor gif, want hulle wil nie hulle bondgenote, die aasvoëls, se einde beteken nie. Nou wat dan gemaak met die jakkalse wat lyk asof hulle vir die Olimpiese teelkampioenskappe ingeskryf het? Dis gelukkig moderne tye, met slim boere wat slim planne gemaak het om die ongenooide vleisvreters se vleislus so effens te demp en daaruit het 'n hele gereedskapskis ontwikkel.

Jakkalsdraad kry nuwe lewe

Swithan Webster, 'n veeboer van Queenstown, het BKB oortuig om sifdraad teen groot afslag aan skaapboere beskikbaar te stel. Skielik het die jakkalsproef nuwe asem gekry en baie boere het weer begin toesper. Feit is as jakkals en kiewe nie toegang tot die plaas kan kry nie, kan hulle ook nie gratis aan die skape of bokke kom vreet nie. Sonder ordentlike roofdierwerende heining is dit asof 'n mens teen 'n Karoodroogte probeer baklei – jy gaan eenvoudig nie wen nie. Sommige veeboere is ook gretig vir elektriese heinings, maar die goed roei sleg onder die skilpaaie en ietermago's. Klein, skuifbare kampies met elektriese heinings werk baie goed in die gebiede waar die veelading baie hoog is en die boerdery meer intensief is.

Beskermende diere

'n Nuwe gier wat nogal baie meriete het, is beskermende diere soos die Anatoliese berghonde, blesbokramme, donkiehingste en Alpakkas. Hierdie diere het min ooghare vir jakkalse en rooikatte en gaan beslis predasie beperk deur roofdiere uit die kampe te verdryf. Sulke beskermende diere is egter nie die alfa en omega nie en moet saam met ander bestuursopsies gebruik word.

Boerepatente

Metodes en tegnieke om roofdiere uit kampe weg te hou, is ook nuwe boerepatente: Daar is onder andere die Skaapwagter wat reuke en klanke vrystel wat roofdiere ontsenu en uit kampe weghou. Iets wat soos 'n bom werk, veral in kleiner kampe, is radiotjies wat snags luidkeels 'n radiostasie uitsaai en dan saam met dit is 'n flitsende geel of oranje lig ook iets wat die roofdiere uiters skepties oor skaapvleis maak. Dit moet egter elke aand geskuif en verander word, want jakkalse en rooikatte is nie onnosel nie. Beskerming van die kleinvee self is iets wat al goed gevestig is met beskermende halsbande soos die King Collar, Eddie Steenkamp se klokkehalsbande, nekbande wat liggies flits, reuke afskei of sommer net snaakse kleure in die nag vertoon. Al hierdie gereedskapskies lê in die veeboer se gereedskapskis reg om die roofdiere hulle reg tot skaaptjoppies te ontsê. Dit is net soos 'n gewone gereedskapskis – geen boer gebruik 'n *shifting* vir alle moere nie. Mens gebruik die regte sleutel wat by die moer pas en daarom moet die verskeidenheid van beskermende halsbande almal gebruik word sodat die jakkals later nie meer raad met die boere se slim goed het nie.

Vergeet van gif

As die roofdiere egter tog al die gereedskappe baasraak, dan moet die harde besluit geneem word om daardie skuldiges galg toe te sleep. Vergeet sommer van meet af aan van gif: Dis onwettig, onselektief en vernietigend. Slegs gifhalsbande mag gebruik word om roofdiere mee dood te maak. Maar dis nie die enigste galgtou waaraan skuldige roofdiere gehang mag word nie. Uit 'n ekologiese oogpunt is die skiet van skade veroorsakende roofdiere een van die mees selektiewe beheermetodes. Dit is egter slegs waar as die jagter ervare en kundig is. 'n Mens wil nie eers dink aan die skade wat 'n wildewragtig met 'n trippel twee kan aanrig nie. Gebruik ervare probleemdiervagters wat roofdiere doeltreffend kan inroep en slegs rooikatte en rooijakkalse skiet. Dis 'n onvergeeflike sonde om bakoorjakkalse en aardwolwe te skiet en sinneloos om groukatte te skiet. Die poging moet gerig word op dit wat regtig ekonomiese skade aanrig, naamlik die rooijakkals en rooikat. Soms is daar ook beduidende skade as gevolg van draaijakkalse, maar dis nie naastenby op die skaal van dit wat rooijakkalse en rooikatte aanrig nie. Gebruik 'n lig met 'n rooi filter en pas 'n knaldemper op die geweer sodat die knal van die skoot darem effens gedemp word.

Slagysters

Die gebruik van slagysters word uit alle oorde veroordeel en met goeie rede. In onervare en onverantwoordelike hande is slagysters basies moordwapens wat alles vang en vermink. Dit verg iemand met uitstekende kennis van roofdiere en jare se ervaring om 'n slagyster sodanig te stel dat slegs die rooijakkals of die rooikat gevang sal word en dan sonder om die dier te vermink. Dit werk goed om rubberbinneband om die slagyster se kake te draai sodat die dier gevang kan word sonder dat bene beseer of gebreek word. As daar dan per ongeluk iets soos 'n aardwolf gevang word, kan die dier vrygelaat word. Jakkalse en rooikatte moet met 'n senterslagkaliber deur die kop geskiet word sodat die dier nie ly nie. Slegs slagysters met kake wat 'n gleuf het en wat ook met 'n verstelbare trapplaat toegerus is, moet gebruik word. Sodoende kan kleiner roofdiere dan wel op die trapplaat trap – wat teen 2kg gestel moet word – en hulle sal nie die slagyster sneller nie.

Vanghokke

Vanghokke is uitstekend vir rooikatte, draaijakkalse en groukatte. Vergeet daarvan om rooijakkalse met vanghokke te vang, want hulle gaan bloot nie in sulke hokke in nie. Vir rooikatte is dit 'n blink idee om 'n opgerolde bolletjie foeliepapier in die hok op te hang. Dit trek die kat se aandag en lok hom na die hok toe. As daar boonop 'n wit lewendige hoender as lokaas gebruik word, is die kat se doppie geklink. Om groukatte en draaijakkalse te vang, word die reste van lammers wat gevang is as lokaas gebruik. Dis verbasend hoe maklik die twee spesies met vanghokke gevang word. 'n Pleidooi van my kant is dat die groukatte nie doodgemaak moet word nie, maar vir die lamtyd in 'n kampie aangehou moet word en gevoer word, totdat die lammers so drie weke oud is. Daarna kan die groukatte vrygelaat word want hulle vang soms slegs baie klein lammertjies. Dieselfde kan met die draaijakkals gedoen word.

In terme van kleinveebestuur moet 'n mens versigtig wees om vir boere te probeer raad gee oor hulle kuddebestuur, omdat hulle baie meer as die stadsjapies weet. Boere stem egter saam dat dit noodsaaklik is om die lammertyd so kort as moontlik te maak sodat die roofdierbestuur slegs 'n kort tydperk se intensiewe aandag verg. As daar deur die jaar gelam word, is dit 'n probleemdiervagter vir die boer. Indien dit moontlik is, moet lammerooie net voor hulle lam in 'n spesiale kamp gehou word waar die heining ondeurdringbaar is en ligte en radio's saans die indruk skep dat die boer heeltyd teenwoordig is. Sels 'n skaapwagter wat saam met die ooie en lammers bly en 'n berghond is die moeite werd. Laastens moet ek daarop wys dat ons boere soms ons eie grootste vyande is. Daar is al verskeie kere

hard gepraat oor manne wat dooie jakkalse teen die lyndrade langs die pad ophang. Verbruikers wat daar verby ry word met afsku vervul ten aanskoue van die dooie diere en hulle word dikwels die grootste kampvegters teen die boere. As mens probleemdiere desnoods moet doodmaak, doen 'n mens dit met respek vir die diere en met agting vir norme en waardes van die samelewing – jy basuin dit nie uit nie! Sterkte met die stryd teen die probleemdiere.

Die Anatoliese skaaphond, 'n Turkse ras, is geteel om vee teen wolwe en bere te beskerm. Vandag word hierdie indrukwekkende honde geteel en grootgemaak deur die Jagluiperdbewaringsfonds om die boere van Namibië te dien. Boere kry op ses weke die honde, waarna hulle uitsluitlik saam met die trop grootgemaak word en die trop instinktief beskerm teen verskeie predatore, insluitend jagluiperds. Deur predatore af te skrik, maak hierdie belangrike werkende verwantskap dit onnodig vir boere om hierdie bedreigde kat te vang of te skiet. Weens die suksesvolle Namibiese inisiatief, is die Anatole ook ingebring om die Suid-Afrikaanse boer te dien. Om die inisiatief die bes moontlike kans op sukses te bied, is dit belangrik om die bekendstellings- en moniteringsprosesse wat voorgestel word vir jou hond, te volg. 'n Onbeskermdede oorfloedige bron van kos (jou skape of bokke) verskaf aan roofdiere 'n maklik bekombare hulpbron, wat hulle nie hoef te jag nie. Hierdie voedingsbron sal roofdiere na jou plaas toe lok en meehelp om suksesvol groter populasies roofdiere te vestig. Tradisionele metodes van beheer soos onoordeelkundige gebruik van gif, jag en slagysters lei dikwels tot verliese van nuttige diere soos bakoorjakkalse, erdvarke en roofvoëls. Deur van hierdie nie-dodelike metode van roofdierbeheer gebruik te maak, sal u die balans op u plaas herstel en die roofdierpopulasie afbring na 'n grootte wat op hul natuurlike prooi kan oorleef.

5.1 Belangrike aspekte

- Laat loop jou klein hondjie altyd saam met 'n paar skape of bokke van die trop wat hy gaan beskerm, selfs al is dit net een of twee, wanneer die trop veld toe gaan. Die res van die diere en klein hondjie moet behoorlik ingekraal word. Dit is belangrik totdat die hondjie oud genoeg is om saam met die trop veld toe te gaan en sy rol as beskermer kan vervul.
- Hanteer jou hond daaglik aan 'n halsband om genoegsame verhouding te behou sodat maklike hantering en gesondheidsorg kan plaasvind.
- Moenie jou hond aanmoedig om na jou te kom nie. Die bokke of skape is die familie waarmee hy 'n band moet vorm.
- Voer jou hond droë hondekos van gehalte, veral terwyl hy groei. Sy optimale gesondheid sal hom in staat stel om jou beter te dien. Moenie jou hond vleis of vleisprodukte voer nie; onthou hy bly saam met jou kudde.
- Moenie jou hond toelaat om met die trop te speel terwyl hy grootword nie. Hierdie gedrag moet beheer word deur jou hond aan 'n ligte ketting en sleeplyn te hou – moenie 'n stokkie aan sy halsband vasmaak nie, aangesien dit al Anatoliese hondjies beseer en gedood het.
- Hou jou hondjie fyn dop vir siektes, veral galkoors – raadpleeg jou dieresorghandleiding.
- Volg parasietbeheerprotokol – raadpleeg jou dieresorghandleiding.
- Rapporteer enige bekommernisse dadelik aan jou plaaslike veearts.
- Moet nooit die hond slaan nie; dit sal tot gevolg hê dat die hond selfvertroue verloor.
- Moenie dat familie of bure die hondjie voer of met hom speel nie. Hierdie belangrike vennootskap tussen jou en jou hond vereis jou belangstelling en aandag gedurende sy eerste jaar van uitgroei. Sy vermoë om jou kudde behoorlik vir baie jare te beskerm, sal jou genoegsaam beloon vir jou insette en moeite.

5.2 Skaaphonde: probleme en aanbevelings

Honde moet hanteer word, 'n halsband kry en opgelei word aan 'n leiband vanaf 'n jong ouderdom. Dit moet alleenlik plaasvind in die kraal of in die veld by die vee. Te veel hantering bevorder 'n hond-mens-band, wat nie gewens

is nie, maar die hond moet vertrouwd wees om 'n halsband aan te hê en om aan 'n leiband te loop om toekomstige korrektiewe opleiding moontlik te maak.

(a) Honde wat nie met vee bind nie

Dit is noodsaaklik om klein hondjies tussen 6 en 8 weke by hul troppe te plaas – hoe jonger, hoe beter. By die Jagluiperdstigting, word Anatoliese hondjies in 'n kraal gebore, wat die verskuiwing na 'n nuwe kraal vergemaklik, aangesien hulle onmiddellik aanpas by die bekende en gerusstellende geluide en reuke van vee. Die aanpassing is moeiliker vir hondjies wat nie voorheen aan vee blootgestel was nie.

(b) Honde wat nie by vee bly nie of terugkom kraal toe

Jong hondjies moet op 'n vroeë ouderdom reeds met hul trop uitbeweeg, maar moenie aanvanklik te ver loop nie. 'n Moeë, voetseer hondjie sal nie wil uitgaan veld toe nie en so gou as hy onder toesig uit is, terugkeer kraal toe. Hondjies wat nie vroeg genoeg uitgaan nie (vanaf drie maande) mag die kraal as hul gebied om te bewaak aanneem en sonder die trop teruggaan kraal toe. 'n Hond wat vroeg, 'n paar uur voor die trop, huis toe kom, moet onmiddellik teruggeneem word na die trop. Tugtig hom met sy terugkoms by die kraal, maar gee baie lof wanneer hy by die trop in die veld kom. Veewagtertoesig wanneer die hond probeer om terug kraal toe te gaan sal help om hierdie gedrag reg te stel. Dit sal ook help om die hond vir 'n week of twee aan 'n leiband (glydraad) te hou en dan te monitor om te kyk of hy geleer het om heeldag in die veld by sy trop te bly. Middaghitte mag veroorsaak dat honde skaduwee opsoek of teruggaan kraal toe. Maak die hond van kleins af gewoond daaraan om geborsel/gekam te word. Die winterkleed word soms baie dik en neem 'n tydjie om gedurende die somer uit te val. Borsel mag in so 'n geval nuttig wees.

(c) Verskuiwing van vee en die hond na nuwe kampe

Sommige boere ondervind dat honde na die oorspronklike kamp terugkeer wanneer die vee na 'n nuwe kamp verskuif word. Die honde blyk om soms 'n spesifieke area as hul gebied aan te neem, en keer dan daarheen terug al is hul trop nie meer daar nie. Leibandopleiding is noodsaaklik, want dan kan die hond daaglik deur die skaapwagter

saam met die vee (in hul nuwe kamp) aan 'n leiband geneem word totdat hy aangeleer het om in die nuwe gebied te bly. Die hond moet snags veilig aan 'n glydraad vasgemaak word om te verhoed dat hy na die ou kamp terugkeer. Dra sorg dat die hond versigtig vasgemaak word, aangesien hy homself kan verwurg as hy nie gewoond is daaraan om vasgemaak te word nie. As die glydraad naby 'n heining is, kan hy oorspring en homself ophang.

Hierdie behoort slegs 'n korttermynmaatreël te wees en verseker dat die hond die leiband of gebruik van 'n glydraad nie as straf beskou nie.

Moet nooit die hond slaan nie; dit sal tot gevolg hê dat die hond selfvertroue verloor.

(d) Honde wat nuwe toevoegings tot die trop verwerp

Die byvoeging van nuwe vee tot die trop vereis observasie omdat die honde somtyds nuwe vee verwerp en as indringers beskou. Nuwe vee moet met mis van die kraal gevryf word sodat hulle reg ruik! Dit mag selfs nodig wees om die nuweling/e saam met 'n paar diere van die bestaande trop eers apart te hou vir 'n paar dae voordat hulle aan die hond blootgestel word.

(e) Honde en ander vee

Die jong hondjie moet van kleins af blootgestel word aan beeste, perde, ander troppe kleinvee, ens., sodat hy kan leer om hulle nie as indringers te beskou nie. Die hond moet saam met sy eie trop naby of deur ander troppe vee geneem word. Geblaf vir ander vee moet ontmoedig word deur teregwysing.

Prys die hond wanneer hy ander vee

ignoreer. Maak seker aggressiewe diere beseer nie die hondjie nie.

(f) Hertoedeling van skaaphonde na nuwe troppe

Dit word nie aanbeveel om die hond na 'n nuwe trop toe te deel nie, maar indien dit nodig sou word, moet 'n kerngroep van die vee waarmee die hond grootgeword het, waar moontlik, saam met hom na die nuwe trop verskuif word. Dieselfde prosedure moet gevolg word as met verskuiwing van vee na nuwe kampe. Waar dit nie moontlik is om van die oorspronklike vee saam met die hond te skuif nie, moet dieselfde prosedure gevolg word. 'n

Volwasse hond kan suksesvol hertoegedeel word, maar moet tyd gegee word om aan die nuwe omgewing en nuwe trop gewoond te raak. Goeie leibandopleiding en gewoond wees daaraan om vasgemaak te word, is weereens

noodsaaklik om die hond se veiligheid en suksesvolle hertoedeling te verseker. Honde kan nie na verskillende tipes vee verskuif word nie. Hulle kan verskuif word van bokke na ander bokke, maar nie van bokke na skape of

skape na bokke nie.

(g) Skaaphonde en pasgebore vee

Skaaphonde moet gedurende hul eerste kennismaking met 'n geboorteseisoen baie fyn dopgehou word om te verseker dat hulle nie te opgewonde raak met die nuwe aankomelinge

nie en kalm optree. Die eet van nageboorte is toelaatbaar en help met die binding, maar speelgedrag moet onmiddellik gestop word indien dit voorkom. Geruk en gelek word toegelaat en behoort aangemoedig te word.

(h) Honde wat met vee speel of vee beseer

Spesiale aandag moet gegee word om jong hondjies, vanaf 'n afstand vroeg in die oggend, wanneer speelgedrag die meeste geneig is om voor te kom, dop te hou. Personeel moet ingelig word en ongeskeduleerde besoeke bring om

te verseker dat hierdie gedrag nie ongemerk plaasvind nie. Hierdie gedrag word moeilik gestop as dit eers aangeleer is en sal lei tot veeverliese. Jong hondjies wat nie vroeg genoeg vee vergesel nie (drie maande

ouderdom), is meer geneig om energie te vermors in die vorm van speel. Honde wat met vee speel, is geneig om voor te kom op drie tot vier maande en dan weer op ses tot 12 maande. Skape in die besonder is geneig om onwillige speelmaats te word, omdat hulle geneig is om weg te hardloop en onbewustelik speelgedrag by hondjies aanmoedig. Volwasse bokke is minder geneig om speelgedrag te aanvaar, en staan hulle man en stamp ongemanierde hondjies.

Dit is noodsaaklik dat hierdie gedrag behandel word wanneer dit gebeur en nie ure daarna wanneer beseerde vee ontdek word nie. Die hond moet die teregwysing met die ongewenste gedrag assosieer. As die gedrag voortduur, kan die hond snags in die kraal aan 'n glydraad beheer word wanneer daar nie toesig is nie totdat hy die gedrag ontgroei.

Sommige literatuur beveel die gebruik van 'n hangstokkie aan om speelgedrag te korrigeer. 'n Stokkie word aan die halsband vasgemaak wanneer die hond alleen saam met die trop in die kraal is. Die stok is ongeveer 30cm lank. Dit

word aan die hond se halsband vasgemaak met 'n draaiskakel (swivel hook) en hang. Die ontwerp laat die hond toe om te eet, drink ens, maar wanneer hy probeer hardloop stamp die stokkie teen sy bene, wat speelse jag van vee ontmoedig. Dit kan gebruik word op 'n spelerige jong hondjie vir drie tot vier weke en behoort verwyder te word

sodra die hond uitgaan veld toe en sodra die speelgedrag ontgroeï is. Die Jagluiperdstigting het bevind dat die stokkie nie werk nie en dat dit ook die hond se bene kan beseer.

(i) Herdershonde en veewagters

Herdershonde hoef nie saam met 'n veewagter te werk nie, maar 'n veewagter verskaf beskerming aan die hondjie, veral gedurende die eerste jaar, en kan korrektiewe opleiding gee aan die ontwikkelende hondjie. Waar nie 'n permanente veewagter in diens is om saam met die hond veld toe te gaan nie, word een tog benodig om van tyd tot tyd korrektiewe opleiding toe te pas. 'n Onbetroubare of aggressiewe veewagter kan egter tot gevolg hê dat die hond onwillig is om by die trop te bly of ongewenste gewoontes soos jag aanleer. Veewagters wat die hond aanmoedig om eerder met hulle te bind as met die vee, veroorsaak ook probleme. Veewagters wat tydelik in diens geneem word, moet verkieslik met die hond vertrouwd wees. Waar veewagters gebruik word, sal hulle 'n sleutelrol speel in die sukses of mislukking van die hond. Besondere voorsorg moet getref word wanneer 'n nuwe veewagter aangestel word.

Gevalle het voorgekom waar uitstekende werkende honde skielik die trop verlaat, waar veewagters verander is. 'n Nuwe veewagter, wat bang is vir die hond of aggressief teenoor hom optree, kan 'n negatiewe invloed op die hond se prestasie hê. **Nog 'n probleem is veewagters wat honde aanmoedig om te jag.**

(j) Sosialisering met ander honde

Jong hondjies moet gewoonde gemaak word aan huis/troetelhonde om onnodige gevegte later te verhoed, maar moet nie aangemoedig word om met hulle te sosialiseer by die kraal of weg van die kraal by die plaashuis nie. Die hondjie moet leer om nie ander honde, wat die vee kan beseer, in die kraal toe te laat nie, so hy moet aan huishonde weg van die kraal, weg van onmiddellike kontak met vee, blootgestel word. Huishonde mag ongewenste gedrag soos om die vee te verlaat en te jag veroorsaak en moet nie toegelaat word om snags vry rond te loop wanneer ongewenste gedrag die meeste geneig is om plaas te vind nie.

(k) Sosialisering met mense

As die hond nie goed aangepas en bekend is met spesifieke hanteerders nie, is die resultaat 'n onhanteerbare en aggressiewe hond. Sosialisering weg van die kraal, bv. die opstal, spesifiek met kinders en huishonde, moenie aangemoedig word nie, aangesien die hond in die versoeking sal kom om sy trop te verlaat en menslike kontak te soek. Vreemdelinge moet nie naby die kraal toegelaat word nie en net 'n beperkte getal mense wat vir die hond sorg. Dit sal die hond help leer om nie indringers in die kraal toe te laat nie en sodoende veediefstal verhoed.

(l) Sterilisering/kastrasie van honde

Tewe sal maats gaan soek wanneer hulle bronstig word en behoort gesteriliseer te word om rondlopery te verhoed. Reuns sal ook na tewe gaan soek en behoort gekastreer te word om hul aandag by die trop te hou. Sterilisasie sal nie werksprestasie negatief beïnvloed nie, maar wel ongewenste gedrag soos rondloop verhoed.

(m) Vasmaak van honde

Die vasmaak van 'n hond aan 'n glydraad word aanbeveel in gevalle waar gesukkel word om speelgedrag en rondlopery snags te beheer. Sorg moet gedra word om die hond so vas te maak, veral die eerste keer, dat hy homself nie verwurg/verstrengeel nie. Die glydraad moet ook nie naby grensdraade kom nie, sodat die hond nie oor die

draad kan spring en homself beseer nie. Die ideaal is dat die draad grondlangs skuins oor die kraal loop en altyd toegang het tot skaduwee en water. 'n Liggewigketting word aanbeveel omdat honde toue kan afkou. Die ketting moet minstens twee meter lank wees en aan die halsband vasgemaak wees met 'n draaiskakel (*swivel clip*).

Dit word aanbeveel dat die hond gewoonde moet wees aan 'n halsband en opgelei moet wees aan 'n leiband, voordat hy vasgemaak word. Dit sal ook besoeke aan die veearts vergemaklik.

(n) Jag van wild

Hondjies wat nie geleer word om sekere indringers soos vlakvarke naby die trop toe te laat nie, of wat aangemoedig word om wild te jag deur veejagters wat vleis wil hê, sal 'n ernstige las word en baie skade aan wildlewe veroorsaak wanneer hulle volwassenheid bereik. Dit is een van die moeilikste gewoontes om te verander as dit eers gevestig is. Streng toesig deur 'n betroubare veewagter en ernstige vermaning teen blaf vir bv. vlakvarke word aanbeveel, omdat geblaf aandui dat die hond die voorwerp as 'n indringer beskou. Sou 'n hond 'n dier doodmaak, kan die dier of 'n gedeelte daarvan aan die hond se halsband vasgemaak word. Dit sal die hond ontmoedig om weer naby die tipe dier te kom.

Hierdie is 'n verkorte weergawe van 'n handleiding saamgestel deur CCF Namibië en aangevul en uitgebrei deur CCF Cheetah Outreach en De Wildt Jagluiperd- en Natuurlewe-trust. Die volledige handleiding is beskikbaar by Cyril Stannard van die Jagluiperdstigting by sel 082 927 2729 of epos anatolian@vodamail.co.za of kontak Bom Louw (NWKV) by sel 082 652 2243.
